KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

# NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OM 09:00 OP WOENSDAG 30 NOVEMBER 2016 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP

# *MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON WEDNESDAY, 30 NOVEMBER 2016 AT 09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP*

## RAADSLEDE

| | | |
|---|---|---|
| MNR | P J SWART | Uitvoerende Burgemeester |
| ME | Z TONISI | Uitvoerende Onder-Burgemeester |
| MNR | G D BURGER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| ME | M OCTOBER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| MNR | R J BAKER | |
| MNR | D JANTJIES | |
| MNR | J G A NIEUWOUDT | |
| ME | E L SAULS | |

## AMPTENARE

| | |
|---|---|
| Mnr D O'Neill | Munisipale Bestuurder |
| Me N Mhlati-Musewe | wnd Direkteur: Korporatiewe Dienste |
| Mnr H Van Biljon | Direkteur: Finansiële Dienste |
| Mnr J Daniels | nms Direkteur: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr K Mrali | Direkteur: Gemeenskapsdienste |
| Mnr B Swart | Interne Ouditeur |
| Mnr D October | nms Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning |
| Mnr G M Moelich | Bestuurder: Admin Ondersteuning |
| Mnr F du Toit | Bestuurder: Boubeheer |

---

## 1. OPENING

Die Burgemeester heet die teenwoordiges welkom en open die vergadering met gebed.

## 2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / *APPLICATIONS FOR LEAVE*

| | |
|---|---|
| Raadslid | C J Jacobs |
| Raadslid | D J Europa |

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

4.1 **NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

18 Oktober 2016

***BESLUIT BK163/2016***

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE**

Geen.

6. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

6.1 **BRIEWE VAN DANK** Geen

6.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

Die Minister van Sport en Ontspanning open op 5 Desember 2016 die Anene Booysen netbalbaan.

| | | |
|---|---|---|
| 7. | **VERSLAE** | **Bladsy: Agenda** |
| 7.1 | **VERSLAG VAN DIE PUBLIEKE WERKE KOMITEE** | |
| 7.1.1 | **ELEKTROTEGNIESE DIENSTE / *ELECTRO TECHNICAL SERVICES*** | |
| 7.1.1.1 | Maandverslag: Oktober 2016 | **3** |
| 7.1.2 | **TEGNIESE DIENSTE / *TECHNICAL SERVICES*** | |
| 7.1.2.1 | Maandverslag: Oktober 2016 | **4** |
| 7.2 | **VERSLAG VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE** | |
| 7.2.1 | Maandverslag: Oktober 2016 | **4 - 5** |
| 7.3 | **VERSLAG VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE** | |
| 7.3.1 | Maandverslag - Korporatief: Oktober 2016 | **5** |
| 7.3.2 | Maandverslag - Kantoor van die MB: Oktober 2016 | **6** |
| 7.3.3 | Vervreemding (huur): Ged erf 52, L'Agulhas | **6 - 9** |
| 7.3.4 | Vervreemding (koop); Erf 1666, Struisbaai | **10 - 12** |
| 8. | **ITEMS NA DIE UBK VERWYS VIR OORWEGING** | |
| 8.1 | Verslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir Oktober 2016 | **12** |
| 8.2 | Quarterly Supply Chain Management Implementation: 31 October 2016 | **12 - 13** |
| 8.3 | Oorweging van aansoeke om donasies | **13 - 14** |

9. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
Geen.

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**
Geen.

11. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**
Geen.

12. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**
Geen.

13. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUITE**
Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op **bladsy 15**.

14. **IN-KOMITEE VERSLAE**
Die In-Komitee agenda word direk na hierdie agenda ingebind.

15. **SLUITING**

---

# 7. VERSLAE

## 7.1 VERSLAG VAN DIE PUBLIEKE WERKE KOMITEE

### 7.1.1 VERSLAG VAN DIE BESTUURDER: ELEKTROTEGNIESE DIENSTE VIR OKTOBER 2016
### *REPORT FROM THE MANAGER: ELECTRO TECHNICAL SERVICES FOR OCTOBER 2016*

---

Aangeheg op bladsy 1 tot 8. / *Attached on page 1 to 8.*

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Bestuurder: Elektrotegniese Dienste vir Oktober 2016 aanvaar word.
*That the monthly report from the Manager: Electro Technical Services for October 2016 be accepted.*

***AANBEVELING: PUBLIEKE WERKE KOMITEE / RECOMMENDATION: PUBLIC WORKS COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK164/2016***

Dat die Publieke Werke Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

### 7.1.2 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE VIR OKTOBER 2016 *REPORT FROM THE DIRECTOR: TECHNICAL SERVICES FOR OCTOBER 2016*

Aangeheg op bladsy 9 tot 17. / *Attached on page 9 to 17.*

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Direkteur: Tegniese Dienste vir Oktober 2016 aanvaar word.
*That the monthly report from the Director: Technical Services for October 2016 be accepted.*

***AANBEVELING: PUBLIEKE WERKE KOMITEE / RECOMMENDATION: PUBLIC WORKS COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK165/2016***

(i) Dat die Publieke Werke Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesters-komitee aanvaar word.
(ii) Dat 'n volledige verslag opgestel word van alle EPWP projekte, werknemers asook kontrakte gesluit vir die afgelope 12 maande en aan die volgende Burgemeesters-komitee voorgelê word.
(iii) Dat alle direktorate vooruitbeplanning doen ten opsigte van alle EPWP projekte, aantal werknemers benodig en aantal werksdae wat geskep word en die inligting aan die volgende Burgemeesterskomitee voorgelê word.
(iv) Dat 'n volledige verslag by die volgende UBK voorgelê word ten opsigte van spandering op kapitaal projekte.
(v) Dat beginsel-goedkeuring vir die oordrag van die Suiderstrand pad na Provinsie gegee word en aan die Raad voorgelê word vir oorweging.

## 7.2 VERSLAG VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE

### 7.2.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE VIR OKTOBER 2016 *REPORT FROM THE DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES FOR OCTOBER 2016*

Verslae aangeheg:

- Publieke Dienste / Public Services — bladsy / *page* 18 - 23
- Behuising / *Housing* — bladsy / page 24 - 25
- Biblioteekdienste / *Library Services* — bladsy / page 26 - 30
- Beskermingsdienste / *Protection Services* — bladsy / page 31 - 37
- Menslike Ontwikkeling / *Human Development* — bladsy / page 38 - 44

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Direkteur: Gemeenskapsdienste vir Oktober 2016 aanvaar word.
*That the monthly reports from the Director: Community Services for October 2016 be accepted.*

***AANBEVELING: GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: COMMUNITY SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK166/2016***

(i) Dat die Gemeenskapsdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Dat die Komitee met skok kennis neem dat die behuisingstoekenning vir die 2016/17 finansiële jaar met 'n bedrag van R10 miljoen verminder is (soos afgekondig in "DORA") en 'n volledige verslag in dié verband aan die Raad voorgelê word.
(iii) Dat Gemeenskapsdienste verseker dat sekuriteitsmaatreëls in plek gestel is vir die komende vakansie seisoen binne alle oorde binne die munisipale regsgebied.
(iv) Dat Gemeenskapsdienste moet verseker dat alle dorpe skoon gemaak en grasperke gesny is voor die komende vakansie seisoen.
(v) Dat volledige voetnotas by departementele verslae aangebring word ten opsigte van verlof oorvleulings.
(vi) Dat versekering deur die departement Gemeenskapsdienste gegee word vir die beter, meer effektiewe en proaktiewe bestuur van ablusiegeriewe by strandoorde.
(vii) Dat gereelde skoonmaakaksies in alle informele gebiede vanaf 2017 geloods sal word.
(viii) Dat 'n volledige verslag oor die onwettige informele behuising op 'n gereelde basis deur die Wetstoepassingsbeamptes aan die Raad voorgelê word.

## 7.3 VERSLAG VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE

### 7.3.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE VIR OKTOBER 2016
***REPORT FROM THE DIRECTOR: CORPORATIVE SERVICES FOR OCTOBER 2016***

---

- Administratiewe Ondersteuning / *Administrative Support* bladsy / page 45 - 50
- Menslike Hulpbronne / *Human Resources* bladsy / page 51 - 64
- Stadsbeplanning en Boubeheer / Town planning and Building control bladsy / page 65 - 72
- Information Communication Technology bladsy / page 73 - 77
- Kliëntediens / *Client Services* bladsy / page 78 - 86

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Direkteur: Korporatiewe Dienste vir Oktober 2016 aanvaar word.
*That the monthly report from the Director: Corporative Services for October 2016 be accepted.*

***AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: CORPORATE SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Die Komitee spreek hul kommer uit oor die aantal vuil erwe in die Kaap Agulhas area en versoek dat die toepaslike beleid ten opsigte van oorgroeide-/vuil erwe strenger afgedwing word.

***BESLUIT BK167/2016***

Dat die Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 7.3.2 VERSLAE UIT DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER VIR OKTOBER 2016 *REPORTS FROM THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER FOR OCTOBER 2016*

---

**STRATEGIESE DIENSTE**

Die volgende verslae word aangeheg op bladsy 87 tot 99:

1. Kommunikasie / *Communication*
2. Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling / *Local Economic Development*
3. Toerisme / *Tourism*
4. Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning / *Integrated Development Planning*
5. Anti-Bedrog- en Risikobestuur / *Anti Fraud and Risk Management*
6. Prestasie Bestuur / *Performance Management*
7. Publieke Deelname / *Public Participation*
8. Verlof en Oortyd / Leave and Overtime

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die verslae uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir Oktober 2016 aanvaar word.
*That the report from the office of the Municipal Manager for October 2016 be accepted.*

***AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: CORPORATE SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Die Komitee versoek dat daar dringend aan die volgende kwessies aandag geskenk word:
   1. Dat die munisipaliteit se bestaande stelsels, soos onder andere die GIS, ens. optimaal benut word deur gereelde opdatering.
   2. Die afmaak en stroop van pale in die bloekombos vir die bou van onwettige strukture. Daar moet beter polisiëring, veral oor naweke deur wetstoepassers gedoen word. ‘n Bywet wat hierdie soort handelinge verbied moet aangeneem en afgedwing en oortreders beboet word.
   3. Beter kontrolering van onwettige elektriese koppelings en optredes teenoor oortreders.
   4. Verslagdoening aangaande die nuwe “ Kronos Time and Attendance” stelsel onder andere met betrekking tot oortyd en verlof.

***BESLUIT BK168/2016***

(i) Dat die Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Dat ‘n volledige verslag ten opsigte van alle bestaande en toekomstige LED-projekte aan die Raad voorgelê word.

## 7.3.3 AANSOEK OM VERVREEMDING (HUUR): GEDEELTE VAN ERF 52, L’AGULHAS (7/1/3/1 - COLLAB: 147510) (WYK 6)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk om ‘n gedeelte van erf 52, L’Agulhas (56m$^2$) te verhuur ten einde dit vir die verhuur, verkoop en herstel van fietse aan te wend (liggingsplan aangheg op ***bladsy 100***).

## ALGEMENE INLIGTING

| | | |
|---|---|---|
| Eienaar | : | KAM |
| Ligging | : | Erf 52, Hoofweg, L'Agulhas |
| Erf grootte | : | 595m$^2$ |
| Sonering | : | Plaaslike Sake |
| Bestaande grondgebruik | : | Vakant |
| Voorgestelde grootte | : | 56m$^2$ |

## AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op ***bladsy 101*** is van mnr Deon Wilschut ontvang om 'n gedeelte van erf 52, L'Agulhas by die Raad te huur om fietse te verhuur, verkoop en te herstel.

## MARKWAARDASIE

R1 800,00 per jaar (soos gebaseer volgens Kamp B, Bredasdorp - aangeheg op ***bladsy 102*** )

## FINANSIëLE IMPLIKASIES

Huurinkomste vir die Raad.

## WETLIKE IMPLIKASIES

| Council policy | Alienation of land |
|---|---|
| **MFMA** | 1. **Sect 14(2)(a):** asset not required for minimum level of basic services.<br>2. **Sect 14(2)(b):** consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset.<br>3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below).<br>4. **Sect 33:** Contracts having long term financial implications. |
| **MATR** | 1. **Definition of "high value asset":** *"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:*<br>*a) R50 million;*<br>*b) One percent of the total value of the capital assets of the municipality….*<br>*c) An amount determined by resolution of the council of the municipality …… which is less than (a) or (b).*<br>2. **Definition of "realisable value":** fair market value <u>less</u> estimated costs of completion.<br>3. **Definition of "right to use, control or manage":** when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.<br>4. **Regulation 5** (decision-making).<br>5. **Regulation 6** (public participation) |
| **SCM Regulations**<br>**SCM Policy** | **Regulation 40: (Disposal Management)** Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth |
| **Systems Act** (public participation) | **Section 21A:** (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community:<br>(a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries;<br>(b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and<br>(c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained. |
| **Town Planning legislation** | All surrounding property owners be informed of the temporary use of the site. |

**DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR**

**MUNISIPALE BESTUURDER**
Hanteer op dieselfde wyse as die aansoek verlede jaar.

**RAADSHEER JANTJIES**
Inisiatief word ondersteun maar nie die erf nie. Nie by kampterrein nie.

**DKD**
No objections.

**DGD**
No objections

**DSD**
Geen beswaar teen aansoek. Dit kan egter parkeer probleme verhoog.

**AEMD**
Elek aansluiting indien nodig gaan baie duur wees.

**BBB**
Die perseel te sprake is huidiglik 'n parkeer area met gastehuis aan agterkant. Ek dink nie dis wenslik om 'n container hier te plaas nie en dus ook parkering te verminder. Townplanning sal na die sonering moet kyk. Hierdie is 'n baie goeie idee maar die regte prosedure moet gevolg word. Daar is geen aanduiding waarop die huidige parkeerarea die container geplaas word nie. Hierdie 1 container sal baie goed onderhou moet word om nie afbreek aan die omgewing te doen nie. Hoe lank gaan dit daar staan? Wat is die situasie met toilet geriewe vir die werknemers?

**BSB**
In beginsel ondersteun. Nie ten gunste van container nie. Advertensietekens is ook nie op standaard nie.

**BSD**
The application is supported in principle as it will promote tourism and add to the sustainability of a local entrepreneurs enterprise. The applicant initially wanted to place his container at the light house but SANPARKS would not consent to this. The concern regarding the appearance and placement is valid and it is suggested that different alternatives be looked at.

**BAD**
Maak asseblief 'n volledige item na die raad, met 'n volledige aanbeveling vanaf die LDC.

**FINSIêLE DEPARTEMENT**

Toepaslike erfnota's ingetik op Notepad by erf 116 L'Agulhas insake aansoek.

**KOMMENTAAR: M BRIERS**

Die kampterrein is teen die see en sal enige strukture die kus benadeel (sig ens.). Toegangsbeheer word ook toegepas vir dagkampeerders en die kamp is 90% vol gedurende die Desember feesseisoen. Ek dink julle moet eerder kyk na erf 52 (KAM erf) wat in die sentrale sakekern van L'Agulhas is.

**RAADSLID BURGER**

"*Na bespreking is die wykskomitee eens dat -*

1. *Erf 116 L'Agulhas beslis nie verhuur word vir oprig van 'n skeepsvraghouer vir doeleindes soos versoek nie.*
2. *Erf 52 weliswaar oorweeg sou kon word met inagneming van die sentimente van die bure/gastehuis aan die westekant. Hou verder in gedagte dat die erf geoormerk is om omskep te word in parkering vir karavaanpark besoekers en algemene publiek aangesien parkering nie genoegsaam is vir die volume verkeer oor veral Desember nie en erge opeenhoping veroorsaak wat vrye twee rigtingverkeer bemoeilik. Hierdie versoek is reeds deur die wykskomitee aan Norwood Kotze deurgegee."*

**LAND DISPOSAL KOMITEE BESLUIT: LD 63/2016**

*(i) Dat die aansoek van Mnr Wildschut aanbeveel word vir 'n termyn van 3 jaar onderhewig aan parkering vir publiek.*
*(ii) Dat die item na die Raad verwys word vir oorweging.*

***BESTUURSAANBEVELING***

Aangesien die eiendom nie ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verhuring van gedeelte Erf 52, L'Agulhas aan D Wildschut vir 'n termyn van 3 jaar met die opsie om die huur vir 'n verdere tydperk te verleng, vir die verhuur, verkoop en herstel van fietse op voorwaarde dat:

(i) Alle wetlike vereistes vir langtermyn verhuring nagekom word.
(ii) Die gemeenskapswaarde van die projek en die feit dat die aansoekers volle verantwoordelikheid vir die opgradering van die grond moet aanvaar vir die volle termyn van die huurooreenkoms, word die huur bepaal op R1 800,00 per jaar (D Wildschut) vooruitbetaalbaar met 'n eskalasie van 5% per jaar.
(iii) Die eiendom onmiddellik na die Raad terugval en die ooreenkoms gekanselleer word indien die projek in verwaarlosing verval of die voorgestelde geboue nie langer vir gemeenskapsdoeleindes soos gespesifiseer in die aansoek, aangewend word nie.
(iv) Alle strukturele werk en opgraderings wat aan die eiendom gedoen word, moet voldoen aan die wetlike vereistes en moet met die toestemming van die Boubeheerafdeling opgerig word.
(v) Geen vergoeding aan die aansoeker betaalbaar sal wees vir enige verbeteringe aan die eiendom aangebring tydens die verhuringstydperk nie.

***AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: CORPORATE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK169/2016***

(i) Dat daar met die voornemende huurder in gesprek getree word om te verseker dat hy wel die skeepshouer kan kry en bereid is om koste aan te gaan vir die aanbring van 'n sement vloer.
(ii) Dat die Raad nie R18 500 beskikbaar stel vir die vervoer van die houer, fietse, verf en bemarkingsmateriaal nie.

7.3.4 **AANSOEK OM VERVREEMDING (KOOP) VAN ERF 1666, STRUISBAAI (COLLAB: 156121) (WYK 5)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr Henri Cremer ten einde erf 1666, Struisbaai te koop (liggingsplan aangeheg op ***bladsy 103***).

**ALGEMENE INLIGTING**

| | | |
|---|---|---|
| Eienaar | : | KAM |
| Eiendom | : | Erf 1666, Cinerariastraat, Struisbaai |
| Erf Grootte | : | 3204m$^2$ |
| Huidige Sonering | : | Sake |

**AGTERGROND**

Skriftelike versoeke, soos aangeheg op ***bladsy 104 en 105*** is van mnr Henri Cremmer en mnr L Greeff ontvang om erf 1666, Struisbaai by die Raad te koop.

**MARKWAARDASIE**

R520 000,00 (aangeheg op ***bladsy 107***)

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

| Council policy | Alienation of land |
|---|---|
| **MFMA** | 1. **Sect 14(2)(a):** asset not required for minimum level of basic services.<br>2. **Sect 14(2)(b):** consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset.<br>3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below).<br>4. **Sect 33:** Contracts having long term financial implications. |
| **MATR** | 1. **Definition of "high value asset":** *"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:*<br>*a) R50 million;*<br>*b) One percent of the total value of the capital assets of the municipality….*<br>*c) An amount determined by resolution of the council of the municipality …… which is less than (a) or (b).*<br>2. **Definition of "realisable value":** fair market value less estimated costs of completion.<br>3. **Definition of "right to use, control or manage":** when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.<br>4. **Regulation 5** (decision-making).<br>5. **Regulation 6** (public participation) |
| **SCM Regulations**<br>**SCM Policy** | **Regulation 40: (Disposal Management)** Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth |

| | |
|---|---|
| **Systems Act** (public participation) | **Section 21A:** (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community:<br>(a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries;<br>(b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and<br>(c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained. |
| **Town Planning legislation** | No application is required. |

**DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR**

**MUNISIPALE BESTUURDER**
This erf must be sold by public auction as I know there is more than one person who is interested in it. Get a market related valuation and speak to Dawie Maritz for the auction.

**DKD**
No problem.

**DGD**
No Objection

**ADEMD**
There is LV electricity underground cable rericulation on that property.

**DSID**
Word nie vir dienste benodig nie; daar was gekyk om die toegangspad oor die erf te neem, daar is ander alternatiewe ook aangaande die toegangspad.

**BBB**
Aansoek word ondersteun. Geen beswaar.

**BSD**
No objection.

**BSB**
1. Verkeerde liggingsplan
2. Vervreemding van S1666 op publieke tender.
3. GEEN verdere industriële aktiwititeite

**BAD**
Ek kan die ontwikkeling ondersteun. Daar is al navrae vir 'n ontwikkeling oor die afgelope 10-15 jaar. Ontwikkeling van die erf sal waarde tot Struisbaai toevoeg.

**FINANSIëLE DEPARTEMENT**

Per Collab ontvang eers op 20/6/2016 in Belastingseksie. Toepaslike nota's aangebring op Notepad van erf 1666 Struisbaai op Samras-stelsel. Sien ook Notule van 22/2/2011 en UBK Besluit BK 275/2007 wat moontlik van toepassing kan wees volgens vorige nota's.

**LAND DISPOSAL KOMITEE BESLUIT: LD 74/2016**

(i) Dat die erf op publieke tender geplaas word.
(ii) Dat 'n markwaardasie verkry word.
(iii) Dat die formalisering van die parkeerarea en die onderverdeling van die erf vir die tenderaar se onkostes sal wees.

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Aangesien die eiendom, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van erf 1666, Struisbaai.
(ii) Dat die genoemde gedeelte erf op publieke veiling verkoop word.
(iii) Dat die formalisering van die parkeerarea en die onderverdeling van die erf deur die munisipaliteit voor die veiling afgehandel sal word.

***AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: CORPORATE SERVICES COMMITTEE***

Die Komitee ondersteun Bestuursaanbeveling (i) en (ii).

***BESLUIT BK170/2016***

Dat die aangeleentheid terug verwys word na die Land Disposal Komitee vir spesifieke ondersoek na die genoemde toegangspad asook die hele heruitleg van erf 1666, Struisbaai.

## 8. ITEMS NA DIE UBK VERWYS VIR OORWEGING

### 8.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: FINANSIëLE DIENSTE VIR OKTOBER 2016
### *REPORT FROM THE DIRECTOR: FINANCIAL SERVICES FOR OCTOBER 2016*

---

Aangeheg op bladsy 108 tot 150. / *Attached on page 108 to 150.*

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir Oktober 2016 aanvaar word. / *That the monthly report of the Director: Financial Services for October 2016 be accepted.*

***BESLUIT BK171/2016***

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

### 8.2 MONTHLY REPORT: SUPPLY CHAIN MANAGEMENT FOR THE MONTH ENDED ON 31 OCTOBER 2016 (5/27 - DFS)

**PURPOSE OF REPORT**

**To report on:**

1. Awards made to suppliers of goods and services in terms of the Supply Chain Management and Policy and Regulations.
2. Relevant reports under the Supply Chain Management - Regulations and Policies.

**BACKGROUND**

The Act on Local Government : Municipal Finance Management Act, 2003, Chapter 11, the Municipal Supply Chain Management Regulations , as published in the Government Gazette on 30 May 2005 and the Council 's Supply Chain Management Policy as adopted on 31 May 2016 states that several reports must be submitted to the Council, accounting Officer and the Chief Financial officer. In order to create a transparent image to all processes in the Supply Chain Management Division, a full report is submitted to the Council.

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

The following reports on ***page 151 to 195*** are submitted for notification / approval:

1. Petty Cash Purchases (SCM Regulations 15 (d))
2. Final awards made for a value above R30 000 up to R10 million (SCM Regulations 5 (4))
3. Final awards made above R100 000 submitted to Provincial & National Treasuries
4. Written Quotations awarded without obtaining three quotations (SCM Regulations 16 (c)) & 17 (c)
5. Deviations from Minor Breaches of the Supply Chain Management Policy (SCM Regulations 36 (1) (a), (b) &(c))
   5.1 Under R30 000
   5.2 Above R30 000
   5.3 Above R200 000
6. Written & Formal Written Quotations awarded (all awards) (SCM Regulations 5 (3), 5 (4) (a) & (b) & 18(1)(d), 17(2))

7.1 Report on Awards made to persons in service of the state (SCM Regulations 44)
7.2 Report on awards made to close family members of persons in service of the state (SCM Regulations 44)

8. Report on Projects on i-Tender in terms of the CIDB Regulation 18(1)
9. Disputes, Complaints, Enquiries and Objections (SCM Regulations 21(e), 49 and 50)
10. Report on Registrations on Suppliers Database
11. Stores month end Reconciliation.

***RESOLUTION BK172/2016***

That the Management's recommendation be accepted as resolution of the Mayoral Committee.

8.3 **OORWEGING VAN AANSOEKE OM DONASIES (5/18/1)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die aansoeke om donasies wat in terme van die Donasiebeleid ontvang is te oorweeg.

**AGTERGROND**

Aansoeke om donasies in terme van die Raad se Donasiebeleid is soos per aangehegte skedule op ***bladsy 197*** gedoen (volledige aansoeke is beskikbaar by Komiteedienste).

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

R120 000,00 is begroot vir die 2016/2017 boekjaar.

**_BESTUURSAANBEVELING_**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die volgende aansoeke oorweeg:

1. Kindersorg : Liefdesnessie Dienssentrum
2. Kindersorg : Suiderster Bejaarde Klub
3. Kindersorg : Bredasdorp
4. Kindersorg : Nompumelelo
5. Kindersorg : Lesedi Educare
6. Kindersorg : Struisies Day Care
7. Kindersorg : Kaap Agulhas Tuisversorging
8. Kindersorg : Nuwerus Nasorg
9. ACVV
10. ACVV : Ons Huis
11. ACVV : Suideroord
12. ACVV : Dienssentrum
13. ACVV : Strandlopertjie Dienssentrum
14. Bredasdorp Gesondheid en Welsynskomitee
15. Huis Klippedrift
16. Babbel en Krabbel Kleuterskool
17. Lions Klub Bredasdorp
18. Hoërskool Bredasdorp Joshua Groep
19. Bredasdorp krieketklub
20. Geluksoord Dienssentrum Elim
21. Otto du Plessis Hospitaal
22. Kaap Agulhas Noodspens
23. Kaap Agulhas Gesondheid en Welsyn
24. Bredasdorp Voeding en Ontwikkeling Sentrum
25. Sea Hawks Rugbyklub
26. Napier Gesondheid en Welsyn Forum
27. Elim Beursfonds
28. Education Connection
29. Blue Crane Ability Sport Club
30. The Umtshayelo Foundation
31. Kindersorg Napier : Kammaland Speelskool (***Laat ingedien***)
32. Kindersorg Napier : Klub Emmanuel (***Laat ingedien***)
33. Kindersorg Napier (***Laat ingedien***)
34. Wieggel en Waggel (***Laat ingedien***)

**_BESLUIT BK173/2016_**

Dat alle aansoeke om donasies terug verwys word sodat voorgeskrewe kriteria deeglik nagespoor en gerapporteer kan word en 'n volledige verslag hieroor aan die Raad voorgelê word.

## 14. ONAFGEHANDELDE UBK BESLUITE

| Besluit Nr | Onderwerp | Verkorte Besluit | Vordering | Verant-woordelike persoon |
|---|---|---|---|---|
| BK195/2013 | Oorname van Elim Stortingsterrein (16/5/R) | (i) Met ODM onderhandel word alvorens oordrag plaasvind.<br>(ii) Na 2014/2015 begroting verwys word. | ***Tydens 'n vergadering tussen DEA, KAM, ODM en die Morawiese Kerk het die kerk besluit dat die stortingsterrein gesluit word. Vullis word per bakke karwy na Bredasdorp stortingsterrein.*** | DSID |
| BK11/2014 | Pad na Suiderstrand (16/3/3/2) | (i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms.<br>(ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel. | ***SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar.<br>Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.*** | DSID |
| BK141/2016 | Erf 17, Swartstraat, Bredasdorp Behuising | (i) Dat die Land Disposal Committee 'n terplaatse ondersoek doen op erf 17, Bredasdorp (bekend as Swartstraat 17, Bredasdorp).<br>(ii) Dat die Komitee met 'n voorstel na die Raad kom oor die toekoms van die genoemde terrein.<br>(iii) Dat geen toekenning van huise gedoen word alvorens die Raad die verslag van die Land Disposal Committee oorweeg het nie.<br>(iv) Dat die twee beskikbare huisies aan die volgende persone op die waglys beskikbaar gestel word. | | LDC/DKD |

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

***BESLUIT BK174/2016***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Dat kennis geneem word dat besluit BK141/2016 (iv) afgehandel is.

Hierna gaan die Komitee In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2016**

______________________________

**BURGEMEESTER** **DATUM:**